

**ENKELE ASPEKTE EN IMPLIKASIES VAN  
MAGSAFSTAND AS DIMENSIE VAN KULTURELE  
VARIASIE IN GEMEENSKAPSONDERRIG**

Communitas

ISSN 1023-0556

2000 5: 69 - 82

**E. van Aswegen\***

---

**ABSTRACT**

*Power distance as cultural dimension has been maintained by people since Plato's time. It forms an integral part of the interaction of an individual from one culture with an individual from another culture. When communicating across cultural borders and one individual comes from a high and the other from a low power distance culture, the situation could become so culture strange that there is a possibility of culture shock. Within the context of a university, power distance and the emotional distance that accompanies it, can be problematic. For a learner who comes from a culture or subculture where a high power distance is maintained, the two-way flow of communication which a lecturer from a low power distance culture would expect from him/her, might feel so strange that it could create tension between them. The opposite is also possible. Where a learner from a low power distance culture socialises with the lecturer in a relaxed and informal way, he/she could be perceived as being arrogant and even obnoxious. In the field of teaching, then, the assumption can be made that learners from a high power distance culture will be more dependent on the teacher/lecturer, while learners from low power distance culture who are used to function independently, would probably like to work without close supervision and independently.*

*Although culture plays a major role in the forming of a learner, every person is a unique individual. The individual does not equal his/her culture and his/her actions will not in all cases equal that of the culture, community or society.*

---

\* Elsabé van Aswegen doseer in die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie aan die Universiteit van die Vrystaat.

## INLEIDING

Aangesien elke individu 'n eie unieke persoonlikheid besit en daar dus ook verskille in kommunikasie tussen mense van dieselfde gesin en dieselfde kultuur sal voorkom, sal die verskille toeneem wanneer oor kultuurgrense heen gekommunikeer word.

Wanneer verskillende kulture binne dieselfde gedeelde fisiese konteks moet saamleef en saamwerk, soos byvoorbeeld op die UV (Universiteit van die Vrystaat) -kampus, is daar sprake van 'n multikulturele situasie. Een van die wyses om die implikasies te verreken wat multikulturaliteit vir kommunikasie inhou, is om aspekte van die verskillende dimensies van kulturele variasie in oënskou te neem. Die dimensies van kultuur wat 'n direkte invloed op kommunikasiegebeure uitoefen, kan vanuit 'n verskeidenheid invalshoeke benader word.

Gegee die wetenskaplike aard van Hofstede (1980, 1989, 1991) se navorsing en die feit dat sy identifisering van die vier kulturele dimensies gebaseer is op inligting wat ingesamel is in drie-en-vyftig lande waarby ook Suid-Afrika ingesluit is, sal sekere aspekte van sy beskouing voorts bespreek word.

## HOFSTEDE SE VIER DIMENSIES VAN KULTURELE VARIASIE

Hofstede (1980:313) onderskei die volgende vier dimensies van kulturele variasie:

- (1) Individualisme wat gestel word teenoor kollektiwisme;
- (2) Onsekerheidsvermyding waarvan die indeks bereken en numeries uitgedruk word;
- (3) Manlikheid wat teenoor vroulikheid gestel word, en
- (4) Magsafstand.

Funksioneel benader kan die dimensies soos volg omskryf word: Individualisme manifesteer in die verhoudings tussen individue, instansies en die samelewing. Onsekerheidsvermyding manifesteer in die behoefte aan struktuur en formalisasie. Manlikheid handel oor sosiale seksroldifferensiasie. Magsafstand kan breedweg omskryf word as die dimensie van sosiale stratifikasie en ongelykheid (Hofstede 1980:313). Let wel dat Hofstede (*ibid.*) dit duidelik stel dat bogenoemde dimensies nie noodwendig die enigste vier dimensies van kulturele variasie is nie.

Hofstede het 'n magsafstandsindeks van verskillende lande bereken. Hy druk die magsafstandsindeks van die verskillende lande numeries uit, byvoorbeeld Israel 13 (laag) en die Fillippyne 94 (hoog). Suid-Afrika toon volgens die indeks 'n gemiddelde magsafstandsindeks-telling, naamlik 49 (Hofstede 1980:104).

Die fokus in die artikel is op magsafstand as sodanig en op die onderrigimplikasies daarvan. Magsafstand kan moontlik 'n impak hê op die verhouding tussen die dosent en die leerder in die onderrigsituasie as gevolg van die verskillende verwagtinge wat hulle van mekaar mag hê.

### **MAGSAFSTAND**

Mulder (in Hofstede 1980:98) het ongeveer 20 hipoteses oor die idee van magsafstand bewys. Die belangrikste van sy hipoteses vir hierdie artikel is die volgende:

- (1) Die blote uitoefening van mag gee satisfaksie aan die magspersoon.
- (2) Aan die een kant sal die individu met meer mag daarna streef om die magsafstand tussen hom en die individu met minder mag te vergroot.
- (3) Hoe groter die afstand van die persoon met minder mag is, hoe meer sal hy wat meer mag het daarna strewen om dit nog groter te maak.
- (4) Aan die ander kant sal 'n persoon met minder mag poog om die magsafstand tussen hom en die persoon met meer mag te verminder.
- (5) Hoe kleiner hierdie afstand is, hoe meer sal hy wat minder mag het daarna strewen om dit nog meer te verklein.
- (6) Die afwaartse neiging van die magspersoon om die magsafstand te handhaaf, en die opwaartse neiging van die minder magtige individu om dit te verminder, sal mekaar wedersyds versterk.

Magsafstand is kortweg die mate van ongelykheid in mag tussen 'n individu met min mag (I) en een met meer mag (powerful other) (O), waar I en O aan dieselfde (hegte of minder hegte) sosiale sisteem behoort (Hofstede 1980:98). Die toevoeging van die sosiale sisteem in hierdie definisie is belangrik. Indien hierdie aspek nie verreken word nie, gaan die ongelykheid in mag nie een van die partye op enige wyse raak nie. Dit is wanneer 'n konteks gedeel word soos by enige

multikulturele samelewing, dat die beoefening van magsafstand sigbaar en voelbaar word.

Die implikasie dat diegene met minder mag verwag en aanvaar dat mag oneweredig versprei word (Samovar & Porter 1991:129; Gibson & Hodgets 1991:426,427; Hofstede 1991:28), is betekenisvol omdat die aanname byvoorbeeld gemaak kan word dat indien 'n dosent uit 'n lae magsafstandsindeks-kultuur 'n leerder uit 'n hoë magsafstandsindeks-kultuur sou benader as sou hy/sy die gelyke wees van die dosent, sou die leerder baie ongemaklik voel. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar.

Dit is die sosiale sisteem (Kovsiekkampus) wat gedeel moet word deur mense van verskillende kulture wat magsafstand verskillend beoefen, wat die situasie potensieel problematies maak. Hofstede (1991) se insig dat individue met min mag binne 'n bepaalde konteks verwag en aanvaar dat hulle min mag het omdat mag oneweredig versprei word, is ook vir die groter Suid-Afrikaanse samelewing belangrik.

### **Lae magsafstand**

Die nege lande met die laagste magsafstandsindeks is, volgens Hofstede (1991:235), van die laagste af Oostenryk, Israel, Denemarke, Nieu-Seeland, Ierland, Swede, Noorweë, Finland en Switserland.

Binne die onderrigsisteem in 'n samelewing wat 'n lae magsafstand handhaaf, is daar 'n beperkte mate van afhanklikheid van inligtingsbronne van buite, maar volgens Hofstede (1980:121-125) is daar ook 'n sterk wil om onafhanklik te wees binne hierdie soort samelewings.

Ten opsigte van die leerproses in lae magsafstandslande, is daar volgens Hofstede (1980:124) werklik sprake van tweerigtingkommunikasie tussen leerling en leerkrag. As gevolg van hierdie tweerigtingkommunikasie is die emosionele afstand tussen dosent en leerder binne hierdie onderrigsituasie, net soos tussen werkgewer en werknemer binne 'n organisasie in 'n lae magsafstandsland, relatief klein. Aangesien kommunikasie wedersyds plaasvind en die emosionele afstand klein is, sal 'n werknemer byvoorbeeld vrymoedigheid hê om die werkgewer te nader en die leerder sal die dosent kon nader en selfs van hom kon verskil.

Nog 'n uitvloeisel van die tweerigtingkommunikasie tussen diegene met mag en diegene sonder mag in lande met 'n lae

magsafstandsindeks is dat daar oorwegend harmonie in hierdie samelewings heers (Hofstede 1980:121). Hofstede wys daarop dat hierdie harmonie nie noodwendig konflik uitsluit nie, maar dat konflik in hierdie soort samelewings meer pragmaties as fundamenteel is.

'n Ander rede vir die harmonie is waarskynlik ook die feit dat welvaart wyd verdeel word. Dit is nie gesentreer in die hande van die elite soos by gemeenskappe met 'n hoë magsafstandsindeks nie. Daar is dus groter nasionale welvaart in lae magsafstandsindekslande.

### **Hoë magsafstand**

Die nege lande met die hoogste magsafstandsindeks is volgens Samovar en Porter (1994:234), die Fillippyne, Mexiko, Venezuela, Indië, Singapoer, Brasilië, Hongkong, Frankryk en Colombia.

Wat opvoeding en onderrig betref, is kinders in lande met 'n hoë magsafstandsindeks tot 'n groot mate aangewese op hulle ouers en die ouer mense in die gemeenskap. Daar is dus geen noodsaaklike uitwaartse beweging na byvoorbeeld opleidingsinstansies nie en die samelewings bly relatief staties. In die onderrigsituasie is slegs sprake van eenrigtingkommunikasie, van die onderwyser na die leerders. Onderwysers word beskou as alwetend en word nie bevraagteken nie (Hofstede 1980:111,124). Outoriteit word in die algemeen nie bevraagteken nie.

Hierdie ingesteldheid vloei voort uit die oortuiging in hoë magsafstandsindekslande dat mense nie gelyk is nie, maar dat ongelykheid geïnstansionaliseer word deur 'n sosiale hiërargie. Elkeen het wel 'n regmatige plek binne hierdie hiërargie (Samovar & Porter 1991:129). Owerhede en onderdane in hierdie soort samelewings sien mekaar as verskillende soorte mense en wanneer dinge verkeerd loop, word die ondergeskikte dikwels verkwalik.

Daar kan dus aanvaar word dat daar binne bogenoemde soorte samelewings gedurig latente konflik sal wees. Hierdie basiese wantroue mag, volgens Hofstede (1980:121) miskien nie altyd tot uiting kom nie, maar is maar deurentyd teenwoordig.

Wantroue en latente konflik word waarskynlik ook deels gegeneer deur die feit dat binne hoë magsafstandsindekslande politieke mag en ekonomiese welvaart gekonsentreer is in die hande van die elite. Daar is min sprake van ekonomiese welvaart by die gewone individu.

Leerders uit hoë magsafstandsamelewings mag dus op universiteit anders reageer teenoor die dosent (magspersoon) en ook teenoor die hele leerproses as leerders uit 'n lae magsafstandsamelewing, as gevolg van die verskille in hulle verwysingsraamwerke.

### **HOFSTEDE SE METING VAN MAGSAFSTAND**

Om die magsafstandsindeks in verskillende lande te meet, het Hofstede (1980) navorsing gedoen en data versamel binne die HERMES-korporasie wat aanlegte in verskillende lande het.

Ten einde die magsafstandsindeks van die verskillende lande te bepaal, het Hofstede die kernvraag gebruik, naamlik: Hoe dikwels, volgens jou eie belewenis, kom die volgende probleem voor: werknemers is bang om aan te toon dat hulle nie met die werkgewer saamstem nie.

Dié vraag is dan beantwoord op 'n vyfpuntskaal. Die intervale op die skaal wissel van baie dikwels tot baie selde. Hierdie vraag het, volgens Hofstede, magsafstand die duidelikste aangetoon. Dit is 'n projektiewe vraag: respondente word nie gevra hoe dikwels hulleself te bang is om van die baas te verskil nie, maar daar kan tog geantisipeer word dat die antwoorde iets van hulle eie gevoelens ook sal projekteer.

Dieselfde maatstaf, naamlik vrees om aan te toon dat die individu van die magspersoon verskil, is deur ander navorsers ook as 'n maatstaf gebruik. In 'n reeks ondersoeke wat in die VSA deur Patchen gedoen is, is 'n indeks van bereidwilligheid om met die werkgewer te verskil, gebruik. Dit het in die meeste gevalle gekorreleer met die toesighouer se rangorde waarin hy werknemers geplaas het ten opsigte van hulle bereidheid om van hom te verskil (Hofstede 1980:101).

Die resultate van hierdie navorsing het ook aangetoon dat waar werkgewers waargeneem is as outokraties of paternalisties, werknemers bang was om van hulle te verskil.

Die resultate het voorts aangetoon dat die teenoorgestelde ook waar is. Waar die werknemers nie bang was om van die werkgewer te verskil nie, is die werknemers se besluitnemingstyl waargeneem as raadplegend.

Uit die data blyk voorts dat in lande waar min werknemers waargeneem is as "bang om te verskil van die werkgewer", het baie werknemers 'n raadplegende bestuurder verkies. In lande waar werknemers geblyk het bang te wees om te verskil, is die

raadplegende bestuurder nie die gekose een nie, maar wel die outokratiese, oorredende of demokratiese, "meerderheidstem"-bestuurder. (Hofstede 1980:102)

Hierdie korrelasie dui daárop dat 'n spesifieke magsverhouding tot stand kom deur die waardes van beide partye, die werkgewer sowel as die werknemer. Waar werkgewers 'n hoë magsafstand handhaaf, verkies werknemers hierdie soort bestuurstyl (dit dui op hulle afhanklikheid), of hulle gaan na die ander uiterste en verkies 'n bestuurder wat regeer deur die meerderheidstem van sy onderdane, 'n styl wat nie effektief in enige organisasie kan werk waar verskillende afdelings van mekaar afhanklik is nie (Hofstede *ibid.*).

Daarteenoor is bevind dat waar bestuurders 'n lae magsafstand handhaaf, werknemers 'n raadplegende styl verkies, wat op interafhanklikheid dui.

Die implikasies van bogemelde verskille in magsafstandsnorme op die verhouding tussen dosent en leerder, is verreikend. Daar kan in die lig van die verskille geredeneer word dat leerders uit kulture met 'n lae magsafstandsindeks minder afhanklik van hulle dosent sal wees en baie meer gemaklik en geredelik met die dosent in gesprek sal tree as dié uit hoë magsafstandskulture. Bitzer *et al.* (1993:4,5) haal Wheeler en Brittle aan en is van mening dat laasgenoemde leerders, alhoewel hulle meer afhanklik van die dosent is, nie op spontane wyse hierdie afhanklikheid aan die dosent sal meedeel nie, aangesien hulle nie maklik met hulle dosente in gesprek sal tree soos leerders uit kulture met 'n lae magsafstand nie. Hulle voel 'n hoë mate van agting vir dosente en sal hulle nie graag moeite aandoen nie.

Magsafstandsindekstellings is 'n aanduiding van hierdie afhanklikheidsverhoudings in 'n land. In lae magsafstandslande is daar beperkte afhanklikheid tussen onderdane en hulle owerhede en daar is binne organisasies 'n voorkeur vir konsultasie waardeur interafhanklikheid geïmpliseer word. Die emosionele afstand tussen die owerheid en sy onderdane is redelik klein en onderdane sal gemaklik met hulle owerhede kan kommunikeer, al sou sodanige kommunikasie soms ook insluit dat die twee van mekaar verskil.

In hoë magsafstandslande is onderdane redelik afhanklik van hulle owerhede. Onderdane reageer op twee wyses hierteenoor. Eerstens kan hulle sulke afhanklikheid verkies (soos byvoorbeeld 'n outokratiese/paternalistiese baas) of hulle kan dit heeltemal verwerp, of kontra-afhanklikheid toon (Hofstede 1980:27).

Lande met 'n hoë magsafstandsindeks toon 'n patroon van polarisasie tussen afhanklikheid en kontra-afhanklikheid. In laasgenoemde geval is die emosionele afstand tussen werkgewer en onderdaan baie groot en die onderdaan sal nie sommer die werkgewer nader of dit oorweeg om hom direk teë te gaan nie (Hofstede *ibid.*).

Binne 'n organisasie soos byvoorbeeld 'n universiteit kan daar in die lig van voorgaande opmerkings ten opsigte van die verhouding tussen die dosent en leerders die aanname gemaak word dat leerders uit hoë magsafstandskontekste waarskynlik op een van twee wyses mag reageer op die outoriteit wat bo hulle gestel word. In die eerste plek mag hulle groot afhanklikheid toon teenoor hulle dosente en ander owerhede op die kampus. Aan die ander kant kan hulle in opstand kom teen sodanige afhanklikheid en kan kragte saamgespan word om die mag omver te werp.

Leerders uit 'n laer magsafstandsindeks omgewing kom uit 'n konteks waar owerheid en onderdaan interafhanklik van mekaar is. Onderhandelinge met die owerhede sou geen vreemde verskynsel vir hierdie leerders wees nie en vir hulle sou onderhandelinge waarskynlik die aangewese wyse wees om probleme uit die weg te ruim en om besluite te neem.

## **MAGSAFSTAND EN FORMELE ONDERWYS**

Die data wat by die HERMES-aanlegte ingesamel is, toon 'n negatiewe korrelasie tussen die magsafstandsindeks wat deur die individu gehandhaaf word en sy/haar gemiddelde jare van formele opleiding. Met ander woorde, in lande met 'n hoë magsafstandsindeks is daar gevind dat daar minder jare van formele opleiding was as in lande met 'n lae magsafstandsindeks waar weer meer jare van formele opleiding aangetref is. Dit behoort dan 'n weerspieëling te wees van die opvoedingsvlak van die betrokke samelewing.

In hierdie verband meen Hofstede (1980:126) dat die belangrikste aspek in die bepaling van die opvoedingsvlak van 'n samelewing, die bepaling van die opvoedingsvlak van die middelstrata in die samelewing is.

Om die ontwikkeling van die middelstrata aan te toon, het Gaspari en Millendorfer (in Hofstede *ibid.*) die ratio tussen die getalle sekondêre skoolleerders en die getalle universiteitlerders as maatstaf gebruik om die ontwikkeling van die middelstrata van 'n samelewing aan te toon.



Hierdie data het aangetoon dat Noord- en Wes-Europese lande (lae magsafstandsindeks) oor 'n tydperk heen groei van die middelstrata getoon het (meer sekondêre skool leerders), terwyl Oos-Europese lande en Italië permanente lae ratio's getoon het vir sekondêre skoolleerders en oorweldigende ratio's vir hoër opvoeding. Die klem verskuif dus hier van die opvoeding van die middelstrata na die vorming van 'n relatiewe elite-groep met 'n hoë opvoedingsvlak in die hoë magsafstandslande.

Binne hoë magsafstandskulture word dan ook 'n elite houding by afgestudeerde jongmense aangetref. Dit word so algemeen aangetref, dat hier sprake is van 'n samelewingsnorm. (Hofstede 1980:126).

In lae magsafstandslande is nie sprake van so 'n elite houding by afgestudeerdes nie en Hofstede (*ibid.*) is van mening dat indien 'n afgestudeerde leerder in 'n lae magsafstandsamelewing wel 'n hoë outoritêre houding het, dit 'n persoonlikheidshouding is, en nie vertolk moet word as 'n houding van die kultuur waarin hy opgroeï nie.

Daar word in samelewings met 'n hoë magsafstandsindeks groot ongelykhede tussen leerlinge en leerkragte ondervind. Onderwysers word met groot respek behandel; ouer onderwysers met nog meer respek as jonges. Onderwysers word selde in die rede geval, nooit in die openbaar teëgegaan of gekritiseer nie en is veronderstel om alwetend te wees, of dit hulle welgeval of nie (Samovar & Porter 1991; Hofstede 1980:126). Onderwysers word ook buite skoolverband gerespekteer. Hierdie afhanklikheid van en bewondering vir die onderwyser spoel ook oor na die universiteitsvlak.

Die onderrigproses in hoë magsafstandsindeksamelewings is 'n eenrigtingproses van die onderiggewer na die leerder en formele aanbiedings word verkies (Goodman in Brislin & Yoshida 1994:138). Die onderrig is ook hoogs persoonlik en veral ten opsigte van die meer gevorderde vakrigtings op universiteit, word die inligting wat oorgedra word nie beleef as onpersoonlike waarheid nie, maar as die persoonlike wysheid van die dosent. Hy is die "guru", en die kwaliteit van wat die individu leer, is uitsluitlik afhanklik van die uitnemendheid van die onderwyser of dosent van wie hy dit leer (Hofstede 1980:34).

Skoolonderrig in sulke hoë magsafstandsomgewings is onderwyser-gesentreerd. Die onderwyser bepaal die leermateriaal. In die

klaskamer word streng orde gehandhaaf en die onderwyser inisieer al die kommunikasie. Leerders praat net wanneer hulle gevra word om te praat. Daar is dus min sprake van vroe van die kant van die leerders. Dit word ook nie aangemoedig nie (Goodman in Brislin & Yoshida 1994:138).

In hierdie hoë magsafstandsamelewings is leerders net so afhanklik van hulle onderwysers as wat hulle voor skool van hulle ouers was. Hierdie houding van afhanklikheid is nie beperk tot skoliere nie maar word ook op universiteitsvlak voortgesit (Hofstede 1980:127).

Die ouers in 'n hoë magsafstandsomgewings word betrek wanneer hulle kind op skool oortree. Daar word van hulle verwag om die kind te korrigeer. In hierdie verband moet ook gemeld word dat lyfstraf deur die onderwyser vir leerders tot en met adolossensie op skool meer aanvaarbaar is in lande met 'n hoë magsafstandsindeks as in lande met 'n lae magsafstandsindeks. Dit beklemtoon die ongelyke mag tussen die onderwyser en die leerder. Daar word in hierdie samelewings aanvaar dat lyfstraf goed is vir die vorming van die kind se karakter (Hofstede 1980:34). In Suid-Afrikaanse skole word lyfstraf in enige vorm verbied met die uitsondering van sommige skole waar lyfstraf wel deur die onderwyser of skoolhoof toegepas mag word met die skriftelike toestemming van die leerder se ouer of voog.

In samelewings met 'n lae magsafstand daarenteen, word die skoliere basies deur hulle onderwysers behandel as gelykes en word ook van hulle verwag om die onderwysers as hulle gelykes te behandel. Jonger onderwysers is gewoonlik meer "gelyk" en word verkies bo ouer onderwysers. Die opvoedkundige proses op tersiêre vlak is leerdergesentreerd en die klem is op inisiatief van die kant van die leerders. Leerders mag opmerkings maak tydens lesings en van hulle word verwag om vroe te vra wanneer hulle nie verstaan nie. Hulle argumenteer met onderwysers, verskil van hulle en kritiseer hulle en toon geen respek aan onderwysers buite skoolverband nie.

Wanneer 'n kind binne 'n lae magsafstandsomgewing op skool oortree, sal ouers dikwels kant kies vir hom/haar teen die onderwyser. Lyfstraf kan in lae magsafstandskulture gesien word as kindermishandeling en indien dit toegepas word, kan 'n klag by die polisie teen die onderwyser gelê word (Hofstede 1980:35).

Die opvoedkundige proses in die lae magsafstandsomgewing is redelik onpersoonlik. Die kennis wat oorgedra word, behels waarhede

of feite wat vasstaan en nie afhanklik is van 'n betrokke onderwyser of dosent nie. Effektiewe leer in die situasie sal baie daarvan afhang of die veronderstelde tweerigtingkommunikasie tussen die leerder en onderwyser wel tot stand kom.

Onderrig in lae magsafstandslande word toenemend geassosieer met die bemeestering van tegnologie wat 'n noodsaaklikheid binne die sosiale sisteem is (Hofstede 1980:126). Maar ook natuurwetenskaplike vakrigtings word binne hierdie kulture op hoë vlak aangebied.

Die hele onderrigsisteem in lae magsafstandslande is gebaseer op die leerder se goed-ontwikkelde behoefte aan onafhanklikheid; die kwaliteit van sy studies hang af van die briljantheid van die leerder self, en nie van die briljantheid of kundigheid van sy onderwyser of dosent nie.

In lande met 'n lae magsafstandsindeks, word leerders minder afhanklik van hulle onderwysers soos wat hulle studies vorder. In hoë magsafstandslande daarenteen bly leerders steeds afhanklik van hulle onderwysers, selfs nadat hulle al hoë opvoedingsvlakke bereik het.

Wat afhanklikheid betref, moet daarop gelet word dat minder begaafde of gestremde kinders in lae magsafstandsamelewings nie die mate van onafhanklikheid sal kan bereik wat die kultuur van hulle verag nie. Hulle sal meer behandel word soos in die hoë magsafstandskulture, met ander woorde, hulle sal meer afhanklik bly van ouers en/of onderwysers.

Normale leerders wat kinders van werkersklasgesinne in lae magsafstandsamelewings is, ondervind probleme wanneer hulle aan 'n universiteit gaan studeer waar 'n lae magsafstandsnorm gehandhaaf word. Werkersklasgesinne handhaaf dikwels 'n hoë magsafstand subkultuur binne die oorkoepelende lae magsafstandskultuur waarin hulle hulle bevind (Hofstede 1980:35). Die studente sal groot aanpassings moet maak om in te pas by die redelike onafhanklike leer-kultuur van die universiteit met sy eiesoortige uitdagings. Ook die dosente sal aanpassings moet maak.

Volgens Cushner (in Brislin & Yoshida 1994:109) word dit in hierdie toenemend globale wêreld al hoe meer van dosente en onderwysers verag om aanpassings te maak ten opsigte van leerders vanuit verskillende magsafstandskulture. Dit is vir die dosent nie eens nodig om uit sy eie gemeenskap te tree om kultuurskok te ondervind nie. Baie onderwysers en dosente het byvoorbeeld opgegroeï in redelike

homogene gemeenskappe en staan tans voor die uitdaging om 'n heterogene groep leerders, dikwels in dieselfde klaskamer te onderrig. Hofstede (1989:303) meen dat onderwyser/leerder interaksie so 'n standaard menslike fenomeen is, en so diepewortel in die kultuur van 'n gemeenskap, dat sulke kruiskulturele leersituasies fundamenteel problematies vir beide partye kan wees. Die probleme kan volgens hom in die volgende areas geleë wees:

- (1) Verskille in die sosiale posisies van onderwysers en leerders in die twee verskillende gemeenskappe;
- (2) Verskille in die relevansie van die curriculum vir beide gemeenskappe;
- (3) Verskille in die profiele van kognitiewe vaardighede van die populasies waarvan die onderwyser en die leerders afkomstig is; en
- (4) Verskille in die verwagte patrone van interaksie tussen onderwysers en leerders.

Cushner (in Brislin & Yoshida 1994:121) sluit hierby aan deur daarop te wys dat daar belangrike verskille is rondom sowel onderrig- en leerstyle as toetsing en evaluering oor kultuurgrense heen. Die enigste moontlike wyse om hierdie probleemareas te oorbrug, sal wees deur middel van volgehoue tweerigtingkommunikasie. Hierdie tweerigtingkommunikasie met die dosent mag vir die leerder wat opgroei het in 'n konteks waarin daar 'n groot magsafstand tussen ouer en kind was, en daarna skoolgegaan in 'n konteks waar 'n groot magsafstand tussen onderwyser en leerder was, problematies wees. Om in die "kultuurvreemde" konteks van die universiteit, die vrymoedigheid te toon om die dosent direk te nader, kan vir hierdie leerders ondenkbaar wees. Die magsafstandsnorm wat die individu tydens sy sosialisering binne sy spesifieke sosiale sisteem aangeleer het, sal veroorsaak dat daar 'n emosionele afstand tussen hom en die dosent gehandhaaf word.

## **SAMEVATTING**

Uit die literatuur blyk dit duidelik dat magsafstand as kultuurdimensie reeds van Plato se tyd af deur mense gehandhaaf word. Dit vorm 'n integrale deel van 'n individu uit een kultuur se interaksie met 'n individu uit 'n ander kultuur. Wanneer oor kultuurgrense heen gekommunikeer word en een kommunikator kom van 'n hoë en die ander van 'n lae magsafstandskultuur, kan die situasie vir albei so

kultuurvreemd voorkom dat daar sprake kan wees van kultuurskok, wat dit vir albei partye onmoontlik maak om optimaal te funksioneer.

Binne die universiteitskonteks kan magsafstand en die emosionele afstand wat daarmee saamgaan problematies wees. Vir 'n leerder wat vanuit 'n kultuur of subkultuur kom waar 'n hoë magsafstand gehandhaaf word, sal die tweerigtingaard van kommunikasie wat 'n dosent wat uit 'n lae magsafstandskultuur kom van hom verwag, vreemd wees en spanning skep tussen die twee individue wat verskillende norme handhaaf ten opsigte van magsafstand. Die teenoorgestelde kan ook gebeur. Waar 'n leerder uit 'n lae magsafstandskultuur gesellig met die dosent omgaan wat uit 'n hoë magsafstandskultuur kom, mag hy deur die dosent waargeneem word as arrogant en selfs ongeskik.

Wat onderrigimplikasies betref kan die aanname gemaak word dat leerders uit 'n hoë magsafstandsindeksomgewing meer afhanklik van die dosent sou wees. So 'n leerder sou waarskynlik 'n behoefte hê aan streng toesig en nie tot 'n hoë mate selfstandig kon of wou werk nie. Daar sou by so 'n leerder waarskynlik 'n groter behoefte bestaan om onderrig te word deur die dosent wat hy beskou as die lokus van kennis.

Daarenteen sou leerders uit lae magsafstandsindeksamelewings wat gewoon is om onafhanklik te funksioneer, waarskynlik verkies om sonder streng toesig en op selfstandige wyse te werk.

Alhoewel daar in die voorafgaande bespreking hoofsaaklik gewys is op die verskille tussen individue uit hoë en diegene uit lae magsafstandsindekslande, moet die volgende ook in gedagte gehou word wanneer oor kultuurgrense heen gekommunikeer word:

- (1) Die meeste lande of gemeenskappe soos Suid-Afrika lê tussen 'n hoë en lae magsafstandindeks .
- (2) Nie alle stellings is van toepassing is op alle lande en gemeenskappe nie.
- (3) Individue binne verskillende lande en binne verskillende organisasies binne een enkele land mag ook van mekaar verskil (Hofstede 1980:120).

Samovar en Porter (1991:74) beklemtoon dit dat alhoewel kultuur 'n groot rol speel in die vorming van die individu, daar ook ander invloede is wat meewerk in die proses. Elke mens is 'n unieke individu wat verskil van alle ander individue. Die individu is dus nie gelyk aan sy kultuur nie, en sy optrede sal nie in alle gevalle heeltemal ooreenstem met die kultuurneiging binne samelewingsverband nie.

**VERWYSINGS**

- Bitzer, E.M., Lategan, L.O.K., Nel, C., Pietersen, H. & Van Aswegen E.M. 1993. *Die moontlike hantering van multikulturalisme vanuit 'n leergemeenskap: enkele perspektiewe vir bespreking*. Bloemfontein: BAO, UV.
- Brislin, R.W. & Yoshida, T. 1994.(Eds.) *Improving intercultural interactions. Modules for cross-cultural training programs*. Beverly Hills: Sage.
- Gibson, J.W. & Hodgetts, R.M. 1991. *Organizational communication. A managerial perspective*. New York: Harper Collins.
- Hofstede, G. 1980. *Culture's consequences*. Beverly Hills: Sage.
- Hofstede, G. 1989. Cultural differences in teaching and learning. *International Journal of Intercultural Relations* 10: 301-320.
- Hofstede, G. 1991. *Cultures & organisations. Software of the mind*. London : McGraw Hill.
- Samovar, L.A. & Porter, R. 1991. *Communication between cultures*. Belmont: Wadsworth.
- Samovar, L.A. & Porter, R.E. 1994. *Intercultural communication. A reader*. Belmont: Wadsworth